# HOOFSTUK IX.

## PERSONEELVOORSIENING; INSPEKSIE; DIE KINDERTUIN-ONDERWYSERES.

### 1. Personeelvoorsiening.

(a) Vrae 25 en 26. In vraag 25 is die leerkragte gevra of daar vir die kindertuin 'n ruimer personeelvoorsiening as vir standerds II – V behoort te wees. In vraag 26(a) is die onderwysers(-esse) wat by vraag 25 Ja geantwoord het, gevra om die redes vir hul antwoord te verstrek; en in 26(b) is diegene wat by vraag 25 Nee geantwoord het, gevra om hul redes te verstrek.

TABEL 47.

BEHOORT DAAR VIR DIE KINDERTUIN 'N RUIMER PERSONEEL-[redacted]VOORSIENING AS VIR STANDERDS II – V TE WEES?

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Ja | 271 | 93.4 |
| Nee | 19 | 6.6 |
| TOTAAL | 290 | 100% |

TABEL 48.

REDES VIR 'N BEVESTIGENDE ANTWOORD OP VRAAG 25.

| Redes (Ja) | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| (1) Kindertuinleerlinge het meer individuele aandag nodig | 252 | 96.2 |
| (2) Werk in die kindertuin is meer uitputtend | 143 | 54.6 |
| (3) Kleiner klasse is noodsaaklik vir doeltreffende aanwending van apparaat | 197 | 75.2 |
| Totale aantal respondente waarop persentasies bereken is | 262 | |

TABEL 49.

REDES VIR 'N ONTKENNENDE ANTWOORD OP VRAAG 25.

| Redes (Nee) | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| (1) Al die leerlinge in 'n skool het normaalweg ewe veel individuele aandag nodig | 13 | 68.4 |
| (2) Kindertuinwerk is so maklik dat enigeen dit kan onderrig | 3 | 15.8 |
| (3) Dit sal ontevredenheid by die onderwysers(-esse) vir standerds II-V veroorsaak | 5 | 21.3 |
| Totale aantal respondente waarop persentasies bereken is | 19 | |

Tabel 47 toon aan dat nagenoeg al die respondente (93.4%) van mening is dat daar vir die kindertuin 'n ruimer personeelvoorsiening as vir standerds II - V behoort te wees, en die vernaamste rede hiervoor is, soos uit tabel 48 blyk, dat kindertuinleerlinge meer individuele aandag nodig het as leerlinge in hoër standerds. Benewens die drie gesuggereerde redes wat in tabel 48 aangegee word, is die volgende deur kleiner groepe leerkragte genoem: „In die kindertuin moet daar 'n deeglike fondament gelê word" (10 respondente); „met die oog op doeltreffende groepindeling is 'n ruimer personeelvoorsiening noodsaaklik" (4).

Slegs 19 onderwysers(-esse) het op vraag 25 ontkennend geantwoord en daarna vraag 26(b) beantwoord. Hulle het geen ander redes vir hul antwoord genoem as die drie wat in die vraelys gesuggereer is nie, en die enigste gesuggereerde antwoord wat die sienswyse van 'n redelik hoë persentasie, naamlik 68.4, weerspieël, is dat al die leerlinge in 'n skool normaalweg ewe veel individuele aandag nodig het.

In 'n artikel in „Die Skoolblad" verwys E.M. Rossouw na woorde wat Comenius honderde jare gelede al geskrywe het, naamlik dat, hoe jonger die kinders is, hoe kleiner die klasse moet wees; en voeg daarby: „Maar ons vind net die teenoorgestelde in ons skole, en dan verwag ons goeie resultate!"[1] In die Hadow-verslag oor kleinkinder- en kleuterskole is ook alreeds daarop gewys dat, hoewel die klasse in die laerskool geleidelik kleiner word, die vermindering in die aantal leerlinge per klas by die kleintjies nie so vinnig soos in die hoër klasse plaasvind nie.

> We can find no justification for the view that it is easier, as a matter of class-management, to deal with large classes of young children than with large classes of older children.[2]

---

1) Rossouw, E.M. Moet die grade tot een jaar beperk word? <u>Die Skoolblad</u>, 36 : 6 - 7, Sept. 1948.

2) Hadow-verslag, 1933, p. 149.

E.D. Aitken verklaar ook dat, as 'n skool verplig is om groot klasse te hê, dit die hoër klasse behoort te wees wat die grootste is en nie die laer klasse nie.[3)]

Ofskoon die Nicol-kommissie nie 'n ruimer personeelvoorsiening vir die Transvaalse juniorskole aanbeveel het nie, het hy nietemin aanbeveel „dat die klasse so gereël moet word in die junior skool of in die junior afdeling van 'n laer skool, dat hulle nie groter is as die gemiddelde klas in 'n laer skool nie."[4)] Alida M. Grey beveel uitdruklik aan dat die Onderwysdepartement 'n aparte personeelvoorsieningskaal vir die substanderds behoort vas te stel, sodat dit nie nodig is om meer as 25 tot 30 leerlinge in 'n klas te plaas nie. „In 'n groot klas is daar te veel regimentering en te min individuele opvoeding."[5)]

Ons onderskryf graag Grey se standpunt, wat ook in ooreenstemming met die sienswyse van die oorgrote meerderheid van die respondente is.

(b) Vraag 27. Wat beskou u as die maksimum aantal leerlinge wat 'n kindertuinonderwyseres behoort te hê?

TABEL 50.

DIE MAKSIMUM AANTAL LEERLINGE VIR 'N KINDERTUINKLAS.

| Maksimum aantal leerlinge | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| 20 | 71 | 23.7 |
| 25 | 178 | 59.3 |
| 30 | 45 | 15.0 |
| 35 | 6 | 2.0 |
| TOTAAL | 300 | 100% |

Die beskouing van die 300 leerkragte wat vraag 27 beantwoord het, is baie duidelik. Soos uit tabel 50 blyk, is presies 83% (23.7 + 59.3) van hulle van mening dat 'n

3) Aitken, E.D. Probleme van die kindertuin. (In Kindertuinstudiegroep van die Tygerberg. Kleinkinderonderwys. Lesingreeks nr. 2, p. 13.)

4) Nicol-verslag, 1939, p. 76, par. 244.

5) Grey, Alida M. Die belangrikheid van spel by die aanvangsonderwys, p. 193.

kindertuinonderwyseres nie meer as 25 leerlinge behoort te hê nie. Dit kom ooreen met die standpunt wat die S.A.O.U. al baie jare handhaaf.

In hoofstuk IV is daarop gewys dat herhaalde pogings van die S.A.O.U. om die kwota leerlinge per kindertuin-leerkrag op 25 vasgestel te kry, tot dusver nie geslaag het nie. Die posisie is tans dat in enige laerskool met twee of meer leerkragte (die hoof bygereken) daar slegs vir elke addisionele 35 leerlinge wat ingeskryf word, 'n addisionele leerkrag toegestaan word.[6] Dit geld ook vir voorbereidingskole en die kindertuinafdelings van laer-, middelbare en hoërskole. **Met ingang van 1 Januarie 1966 sal daar** egter, volgens 'n aankondiging deur die Administrateur van Kaapland op 23 November 1965, 'n kwotavermindering wees.[7]

Hildreth spreek haar sterk uit teen groot klasse in kleinkinderskole en -afdelings. Volgens haar is dit 'n raaisel hoe sommige leerlinge in die oorvol klaskamers hoegenaamd iets leer, veral 'n vaardigheid soos lees, wat baie individuele aandag verg. Elke leerling bo die getal van 25 in 'n klas beteken dat presies soveel meer individuele aanwysings en verduidelikings nodig is. „The herding together of young children in large classes should be vigorously condemned."[8]

Elisabeth Fuller verklaar dat die ondervinding geleer het dat 'n kindertuinklas uit 18 tot 25 kinders behoort te bestaan. As die klasse groter is, is daar nie genoeg tyd vir aandag aan individuele leerlinge nie en kan die metodes en prosedures van die kindertuin nie op doeltreffende wyse aangewend word nie.[9] F. Grobler beklemtoon ook die noodsaaklikheid dat die onderwys baie meer op die individuele kind toegespits sal word, maar daarvoor is kleiner

6) Vgl. Maurice, E.L. & Kies, B.M. Die onderwysordonnansie (no. 20, 1956) met annotasies, p. 79.

7) Die Burger, 24 Nov. 1965, p. 7, kol. 4-5. Sien ook p. 79 van hierdie proefskrif.

8) Hildreth, Gertrude. Readiness for school beginners, p. 204.

9) Fuller, Elizabeth M. About the kindergarten. (In What research says to the teacher, 22, p. 27.)

klasse as die huidige nodig: ongeveer 25 leerlinge per onderwyseres. „Alleen op hierdie manier is dit moontlik om waarlik 'n sukses te maak van groepering binne die klaskamer, d.w.s. groepering in homogene groepe."[10)]

Alida M. Grey bespreek die navorsing wat al oor die grootte van klasse gedoen is en konkludeer dat dit wil voorkom „asof die gewenste getal leerlinge vir 'n kleinkinderklas nie meer as 25 moet wees nie." As daar meer kinders is, vind die onderwyseres dit moeilik om met die behoeftes van al haar leerlinge vertroud te raak, haar onderwysmetodes is minder doeltreffend en die leerlinge vorder swakker.[11)]

James L. Hymes, Jr., wys tereg daarop dat dit moeilik is om presies en objektief vas te stel hoe groot 'n klas behoort te wees, aangesien baie faktore in aanmerking geneem moet word, maar volgens hom is 25 kinders te veel vir 'n kindertuinklas. Hy lê die vinger op die wond in sy uiteensetting van die toestande wat in Amerika aangetref word (dieselfde geld vir Suid-Afrika) en som dan die beperkinge op wat groot kindertuinklasse meebring:

> Twenty-five isn't small; it is big. Twenty is much more nearly apt to be the right number. Yet in so many schools today 20 is a dream. Thirty-five is closer to reality. Forty is not unusual. Forty-five is sickeningly common ..... Large class size inevitably means conformity. It inevitably means continuous adult control ..... Large class size means the blunting of individual differences. It means that children are ignored when they should be listened to ..... Large class size - 26 (or 35 or 40 or 45) - is a devastating thing ..... It blunts us so we do what we have to do instead of what we ought to do.[12)]

2. Inspeksie.

(a) Vraag 32. Hoe dikwels behoort 'n kindertuininspektrise elke skool se kindertuinklasse vir inspeksie te besoek?

---

10) Grobler, F. Die wese van ons kindertuin. Die Unie, 55 : 111, Okt. 1958.

11) Grey, Alida M. Aanvangsonderwys in Suid-Afrika, p. 259.

12) Hymes, J.L., Jr. Kindergarten; the classes are too big. Grade Teacher, 82 : 44-45, Mei-Jun. 1965.

TABEL 51.

INSPEKSIE DEUR DIE KINDERTUININSPEKTRISE: HOE DIKWELS?

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Minstens een keer per jaar | 239 | 79.4 |
| Minstens twee keer in elke drie jaar | 17 | 5.6 |
| Minstens al om die ander jaar | 45 | 15.0 |
| TOTAAL | 301 | 100% |

Soos uit tabel 51 blyk, is 79.4% van die 301 respondente van mening dat 'n kindertuininspektrise elke skool se kindertuinklasse minstens een keer per jaar vir inspeksie behoort te besoek. Hierdie hoë persentasie dui daarop dat die leerkragte behoefte voel aan leiding en voorligting deur 'n bevoegde persoon.

Al drie die hoofde van groot voorbereidingskole in Noord-Kaapland wat die vraelys beantwoord het, verlang dat 'n kindertuininspektrise hul skole minstens een keer per jaar moet besoek, terwyl die hoof van die enigste klein voorbereidingskool dit minstens twee keer in elke drie jaar verlang. Wat egter eienaardig is, is dat slegs 64.9% van die assistente in voorbereidingskole ten gunste van jaarlikse inspeksie is en dat 24.3% van hulle meen dat inspeksie al om die ander jaar voldoende sal wees. Die rede hiervoor is waarskynlik dat die personele van voorbereidingskole merendeels uit gekwalifiseerde kindertuinonderwyseresse bestaan wat die behoefte aan deskundige leiding nie so sterk voel soos hul kollegas in die kindertuinafdelings van hoër-, middelbare en laerskole nie.

'n Baie hoë persentasie (82.3) van die leerkragte met meer as 10 jaar onderwysondervinding is van mening dat 'n kindertuininspektrise minstens een keer per jaar in elke skool inspeksie behoort te hou. Dit is begryplik,

want na meer as 10 jaar mag hul idees en metodes al verouderd wees en sal hulle dit dus waardeer as 'n inspektrise elke jaar hul werk nagaan en nuwe wenke aan die hand doen.

In haar verslag oor die jaar 1950 het een van die kindertuininspektrises, mej. E.M. Olivier, geskrywe: „Dit is te betreur dat 'n mens die skole slegs een maal om die vyf of ses jaar kan besoek."[13] Sedertdien is Bantoe- en Kleurlingonderwys deur ander departemente oorgeneem en, waar daar tans vyf kindertuininspektrises en een kindertuininspekteur in diens van die Kaaplandse Onderwysdepartement is, behoort dit vir hierdie amptenare moontlik te wees om die skole baie meer te besoek as vroeër. In die dun bevolkte gebiede, waar lang afstande afgelê moet word, kan veral die klein skooltjies egter nie gereeld besoek word nie.

(b) Vrae 33 en 34. In vraag 33 is die leerkragte gevra of hulle die huidige stelsel in Kaapland, naamlik dat die werk in kindertuinklasse soms deur die omgangsinspekteur en soms deur 'n kindertuininspektrise geïnspekteer word, bevredigend vind. In vraag 34(a) is die onderwysers(-esse) wat by vraag 33 Ja geantwoord het, gevra om die redes vir hul antwoord te verstrek; en in 34(b) is diegene wat by vraag 33 Nee geantwoord het, gevra om hul redes te verstrek.

TABEL 52.

VIND U DIE HUIDIGE INSPEKSIESTELSEL IN KAAPLAND BEVREDIGEND?

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Ja | 103 | 34.1 |
| Nee | 199 | 65.9 |
| TOTAAL | 302 | 100% |

---

13) Die Onderwysgaset, 50 : 2129, 8 Nov. 1951.

TABEL 53.

REDES VIR 'N BEVESTIGENDE ANTWOORD OP VRAAG 33.

| Redes (Ja) | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| (1) Twee menings of bevindings is beter as een | 81 | 82.7 |
| (2) Daar is tans nie genoeg kindertuininspektrises om aan die werk reg te laat geskied nie | 34 | 34.7 |
| Totale aantal respondente waarop persentasies bereken is | 98 | |

TABEL 54.

REDES VIR 'N ONTKENNENDE ANTWOORD OP VRAAG 33.

| Redes (Nee) | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| (1) As die omgangsinspekteur en die kindertuininspektrise nie saamstem nie, voel die onderwyseres onseker en ly die werk daaronder | 147 | 74.2 |
| (2) 'n Omgangsinspekteur het dikwels geen praktiese ondervinding van werk in die kindertuin nie | 171 | 86.4 |
| Totale aantal respondente waarop persentasies bereken is | 198 | |

Tabel 52 toon aan dat nagenoeg twee-derdes van die 302 respondente die huidige stelsel in Kaapland, naamlik dat die werk in kindertuinklasse soms deur die omgangsinspekteur en soms deur 'n kindertuininspektrise geïnspekteer word, nie bevredigend vind nie.

Soos uit tabel 53 blyk, is daar net een rede waarom 'n groot persentasie van die respondente die stelsel bevredigend vind, naamlik: „Twee menings of bevindings is beter as een." Ander redes wat deur kleiner groepe leerkragte genoem is, is die volgende: „Die omgangsinspekteur beskou

die kindertuinklasse as deel van die geheel, terwyl die inspektrise nie die res van die skool in ag neem nie" (6 respondente); „by twee verskillende persone kan 'n onderwyseres baie meer nuttige idees kry as by een" (4). Een onderwyseres met 30 jaar ondervinding van kindertuinwerk het die volgende bygeskrywe: „Nadat 'n omgangsinspekteur hierdie skool besoek het, voel ek sommer lus vir meer toegewyde werk, maar dit is nie die geval nadat 'n kindertuininspektrise hier was nie. 'n Inspektrise is gewoonlik te krities en selde waarderend."

Albei die gesuggereerde redes in tabel 54 weerspieël die sienswyse van hoë persentasies van die respondente wat nie ten gunste van die huidige stelsel in Kaapland is nie. Die volgende redes is ook aangevoer: „'n Omgangsinspekteur lewer dikwels kritiek, maar kan selde voorligting gee i.v.m. kindertuinwerk" (2 respondente); „'n omgangsinspekteur verwag soms te veel" (2); „'n omgangsinspekteur wil hê die onderwyseresse moet aan die begin te vinnig aanstoot" (4); „die kinders is vrymoediger in die teenwoordigheid van 'n inspektrise" (6); „'n inspeksie deur twee persone veroorsaak dubbele werk en soms is nie een van die twee tevrede nie" (3).

Op die S.A.O.U.-Kongres wat in 1922 plaasgevind het, is 'n beskrywingspunt aangeneem waarin gevra word dat die kindertuininspektrise en die omgangsinspekteur „moet ooreenkom omtrent die metodes wat in die kindertuin gebruik word"; so nie, lui die versoek, moet die inspektrise alleen vir die werk in die kindertuin verantwoordelik wees. In sy antwoord op die beskrywingspunt het die S.G.O. gemeld dat instrukteurs (-trises) opdrag gekry het om „in absolute samewerking" met die omgangsinspekteur te werk.[14)]

Daar was egter nog nie tevredenheid nie en op die 1929-Kongres van die S.A.O.U. is weer 'n beskrywingspunt

---

14) Die Unie, 18 : 318, Mei 1923.

aangeneem waarin gevra word dat, waar kleinkinderskole bestaan, die werk net deur kindertuininstruktrises beoordeel sal word. Mej. J. Meyer, wat die beskrywingspunt voorgestel het, het ter motivering daarvan gesê dat dit dikwels gebeur dat die inspekteur 'n metode afkeur wat deur 'n kindertuininspektrise aanbeveel is. Die S.G.O. se antwoord was dat dit onwenslik is „om die skoolinspekteur van belangstelling in die laer klasse uit te sluit."[15)]

Onder die beskrywingspunte op die 1949-Kongres van die S.A.T.A. was daar een waarin gevra is dat „more Infant School Inspectresses be appointed and that the Infant School be under the complete control of these Inspectresses."[16)] Hierdie beskrywingspunt het egter nie 'n besluit van die kongres geword nie.

Daar moet toegegee word dat die huidige stelsel van kindertuininspeksie in Kaapland nie heeltemal bevredigend is nie en dat die 65.9% van die respondente wat dit onbevredigend noem, gegronde argumente aanvoer. Om geen afsonderlike kindertuininspektrises te hê nie, soos die geval in Transvaal is, sal in Kaapland egter nog minder bevrediging verskaf; en om aan die ander kant die omgangsinspekteur te onthef van die verpligting om in kindertuinklasse inspeksie uit te voer, is ook nie wenslik nie.

Dit sal beslis nie maklik wees om die huidige stelsel in Kaapland deur iets beters te vervang nie. Mits die pligte van die omgangsinspekteur en die kindertuininspektrise duidelik omlyn is en hierdie amptenare in noue voeling met mekaar bly, bestaan daar geen rede waarom die huidige stelsel nie doeltreffend sou wees nie.

(c) Vraag 35. Is die leiding wat u van die omgangsinspekteur kry (in verband met subst. A en/of subst. B en/of st. I), voldoende?

---

15) Die Unie, 24 : 209, Jun. 1930.

16) Education, 59 : 92, Mei 1949.

TABEL 55.

KRY KINDERTUINONDERWYSERS(-ESSE) VOLDOENDE LEIDING VAN DIE OMGANGSINSPEKTEUR?

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Ja | 116 | 42.5 |
| Nee | 157 | 57.5 |
| TOTAAL | 273 | 100% |

Die gegewens in tabel 55 sluit aan by dié wat in tabelle 52, 53 en 54 verstrek is. Waar tabel 52 egter aantoon dat 'n groot meerderheid die huidige inspeksiestelsel in kindertuinklasse nie bevredigend vind nie, is daar blykens tabel 55 nie 'n groot verskil tussen die persentasie respondente wat voldoende leiding van die omgangsinspekteur kry en diegene wat die leiding as onvoldoende beskou nie.

By die afsonderlike groepe onderwysers(-esse) wat vraag 35 beantwoord het, is daar heelwat verskil van mening. Terwyl 42.5% van die totale aantal respondente die leiding wat hulle van die omgangsinspekteur kry, as voldoende beskou, is slegs 37.8% van die leerkragte met kindertuinopleiding dié mening toegedaan. Aan die ander kant is 51.4% van die leerkragte in voorbereidingskole van oordeel dat omgangsinspekteurs voldoende leiding gee en in die geval van eenmanskole verklaar nie minder nie as 68.2% van die respondente dat die leiding wat hulle in verband met kindertuinwerk van die omgangsinspekteur kry, voldoende is. Van die leerkragte met meer as 10 jaar onderwysondervinding verklaar 46.6% dat hulle voldoende leiding van die omgangsinspekteur kry, maar die onderwysers(-esse) met min ondervinding verlang meer leiding; slegs 36.8% van die 114 respondente met minder as vyf jaar ondervinding beskou die leiding wat hulle van die omgangsinspekteur kry, as voldoende.

Hoof- en hulponderwysers(-esse) sal nie altyd met die beskouings van 'n inspekteur van skole saamstem nie, maar dit gebeur stellig nie dikwels dat hulle meen hy is onbevoeg om die werk van kindertuinleerkragte te beoordeel nie. 'n Vrystaatse onderwyser, A.F. Malan, is egter dié sienswyse toegedaan en het onomwonde in 'n onderwysblad verklaar dat „there is no room for the ordinary school inspector in the Sub A and Sub B classrooms."17) Ons kan nie Malan se standpunt onderskryf nie en haal eerder die volgende woorde aan wat 'n ervare onderwyseres na haar antwoord op vraag 34(a) in die vraelys bygeskrywe het: „Elke keer as daar 'n nuwe inspekteur kom, is ek verbaas oor die kennis van kindertuinwerk wat hy binne 'n kort tydjie opbou."

Met sy professionele opleiding en uit hoofde van sy jarelange ondervinding as assistent en as skoolhoof, behoort 'n inspekteur van skole, wat uit die aard van die saak met die werk van sowel goeie as swak leerkragte kennis maak, binne 'n betreklike kort tyd in staat te wees om ook aan kindertuinonderwysers(-esse) waardevolle leiding te gee.

3. Die kindertuinonderwyseres.

(a) In vraag 22 is die leerkragte gevra hoe dikwels hulle die ouers van die leerlinge in hul klasse besoek.

TABEL 56.

HOE DIKWELS BESOEK U DIE OUERS VAN DIE LEERLINGE IN U KLAS?

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Gereeld | 32 | 10.6 |
| Taamlik dikwels | 135 | 44.5 |
| Soms | 118 | 38.9 |
| Byna nooit | 12 | 4.0 |
| Nooit | 6 | 2.0 |
| TOTAAL | 303 | 100% |

17) Malan, A.F. One or two years for the sub-standards? The Teacher, 36 : 8, Sept. 1948.

Volgens die gegewens in tabel 56 besoek minder as die helfte van die respondente die ouers van hul leerlinge taamlik dikwels en is daar maar 'n baie klein persentasie wat die ouers nooit of byna nooit besoek nie. Wat beslis teleurstellend is, is dat net 10.6% van die 303 Noord-Kaaplandse leerkragte met kindertuinleerlinge wat vraag 22 in die vraelys beantwoord het, die ouers van die leerlinge in hul klasse gereeld besoek. Baie van die klein skooltjies is weliswaar in dun bevolkte gebiede geleë, sodat dit veral vir 'n dame haas onmoontlik is om hul ouers gereeld te besoek. Verreweg die meeste van die leerlinge is egter in dorpskole of in skole langs die Oranjerivier of by Vaalharts, waar hul ouerwonings maklik bereikbaar is en die onderwysers (-esse) nie die geleentheid behoort te laat verbygaan om gereeld met die ouers van hul leerlinge in aanraking te kom en aldus hul samewerking te erlang nie.

Hildreth raai onderwysers(-esse) aan om so vroeg moontlik met die huislike agtergrond van elke kind vertroud te raak, by voorkeur deur middel van 'n besoek aan sy ouerlike woning.[18] Of 'n kind hom in die skool goed of swak aanpas, hang grotendeels af van die wyse waarop hy tuis behandel word. Wanneer hy skool toe kom, sal hy die gedragsprobleme wat hul oorsprong in sy huis gehad het, met hom saambring. Die huislike invloede wat op die kind inwerk, kan die skool se beste pogings ongedaan maak tensy die skool met sowel die ouers as die kinders in aanraking kom.[19] En hiervoor is nodig dat onderwysers(-esse) die ouers van hul leerlinge so dikwels moontlik besoek.

Mellor wys daarop dat dit vir onderwysers(-esse) en ouers ewe voordelig is as daar vriendelike samewerking tussen hulle bestaan[20] en Magdalena J. Grey beklemtoon

18) Hildreth, Gertrude. Readiness for school beginners, p. 229.

19) Ibid., p. 231.

20) Mellor, Edna. Education through experience in the infant school years, p. 90.

die noodsaaklikheid en waarde van huisbesoek deur 'n onderwyser(es) in die volgende woorde:

> Die beste onderwyser en opvoeder is nog dáárdie een wat 'n nou verband hou met die leerlinge se ouers en hulle gaan opsoek al is hulle ..... miskien in 'n baie ondergeskikte betrekking.[21)]

(b) Is kindertuinopleiding noodsaaklik?

Vraag 28. Ag u kindertuinopleiding noodsaaklik vir iemand wat vir subst. A en/of subst. B gaan onderwys gee?

TABEL 57.

IS KINDERTUINOPLEIDING NOODSAAKLIK VIR SUBST. A- EN B-ONDERWYSERESSE?

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Ja | 221 | 74.2 |
| Nee | 55 | 18.4 |
| Weet nie/kan nie sê nie | 22 | 7.4 |
| TOTAAL | 298 | 100% |

Tabel 57 toon aan dat feitlik drie-kwart van die 298 respondente kindertuinopleiding noodsaaklik ag vir iemand wat vir subst. A en/of subst. B gaan onderwys gee. Soos verwag kan word, ag 'n baie hoë persentasie, te wete 96.2, van die respondente wat self kindertuinopleiding gehad het, dit noodsaaklik, en 82.9% van diegene wat in voorbereidingskole onderwys gee. 'n Heelwat kleiner persentasie, naamlik 70.8, van die leerkragte wat meer as 10 jaar onderwysondervinding het, ag kindertuinopleiding noodsaaklik.

In sy getuienis voor die Watermeyer-kommissie is daar in 1863 al deur die destydse S.G.O., dr. Langham Dale, verklaar dat onderwyseresse wat nie spesiale opleiding ontvang het nie, in die reël onbevoeg is om in kleinkinderskole onderwys te gee.[22)] In sy 1872-verslag het die S.G.O.

21) Grey, Magdalena J. 'n Opvoedkundig-sosiologiese ondersoek van die lewensomstandighede van leerlinge wat voor skoolpligtige ouderdom tot die skool toegelaat is, p. 179.

22) Watermeyer-verslag, 1863, getuienis Dale, p. 39.

getoon hoeveel waarde hy aan kindertuinopleiding heg deur aan te beveel dat tot £30 (R60) per jaar benewens hul salaris betaal word aan leerkragte wat vir die werk in 'n klein-kinderskool gekwalifiseer is.[23] Skoolinspekteurs het dikwels die swak werk wat hulle in kleinkinderklasse aangetref het, aan 'n gebrek aan opgeleide kindertuinonderwyseresse gewyt.[24]

Met verloop van tyd is daar al hoe meer op spesiale opleiding vir kindertuinonderwyseresse aangedring. Getuies het voor die Nicol-kommissie „met baie beslistheid gevra dat alleen onderwysers wat in junior werk opgelei is, aan hierdie skole aangestel moet word;"[25] en in 1950 het mej. F. Grobler, 'n bekende kindertuinonderwyseres in Oos-Kaapland, met ewe veel beslistheid verklaar:

> Ons is dankbaar vir getroude vroue wat hul huise en tyd moet opoffer om ons te help, maar ..... vir my is dit absoluut noodsaaklik dat 'n kleinkinderskool-onderwyseres haar spesiale opleiding daarvoor moes gehad het. Die opvoeding van kleintjies is nie sommer net 'n „besighou"-gedoente nie; dit vereis die fynste sielkunde en tegniek van die vrouehand om waarlik kleintjies op te voed en te leer.....[26]

'n Onderwyseres met 26 jaar ondervinding het langs haar antwoord op vraag 28 in die vraelys bygeskrywe: „Aanleg en gewilligheid om te leer is van meer belang as opleiding. 'n Goeie onderwyseres word immers gebore, nie gemaak nie." Dit is beslis waar en ons het die hoogste waardering vir die puik werk wat al dikwels in substanderds A en B deur dames sonder kindertuinopleiding gelewer is. Gesien die feit dat besondere metodes en tegnieke in die hedendaagse kindertuin aangetref word en met die oog op die doeltreffende gebruik van apparaat in die kindertuin, moet ons egter met diegene saamstem wat beweer dat kindertuinopleiding noodsaaklik, of ten minste uiters wenslik, is vir onderwyseresse

---

23) S.G.O.-verslag, 1872, p. 6.
24) Vgl. S.G.O.-verslag, 1885, p. lv; en S.G.O.-verslag, 1888, p. 28.
25) Nicol-verslag, 1939, p. 76, par. 244.
26) Grobler, F. Die kleinkinderskool. Die Unie, 46 : 133, Des. 1950.

wat vir subst. A of subst. B wil gaan onderwys gee.

(c) Die salaris van kindertuinonderwyseresse.

Vraag 29. Dink u die salaris van 'n kindertuinonderwyseres behoort, soos in die geval van 'n spesiale klas-onderwyser(es), 'n kerf hoër as dié van ander primêre assistente met dieselfde aantal jare opleiding te wees?

TABEL 58.

BEHOORT DIE SALARIS VAN 'N KINDERTUINONDERWYSERES 'N KERF HOëR TE WEES?

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Ja | 142 | 49.3 |
| Nee | 146 | 50.7 |
| TOTAAL | 288 | 100% |

Soos uit tabel 58 blyk, het feitlik ewe veel van die 288 respondente op vraag 29 Ja en Nee geantwoord. By die afsonderlike groepe onderwysers(-esse) wat dié vraag beantwoord het, is daar ook nie veel verskil nie, behalwe in die volgende twee gevalle: (i) 66.7% van die respondente in voorbereidingskole, met inbegrip van die hoofde van vier voorbereidingskole in Noord-Kaapland, meen dat die salaris van 'n kindertuinonderwyseres 'n kerf hoër behoort te wees; (ii) slegs 41.7% van die leerkragte in die kindertuinafdelings van laerskole is dié mening toegedaan. Die rede vir hierdie afwykings is waarskynlik dat die leerkragte in voorbereidingskole 'n afsonderlike groep vorm en hulle dus vir beter salarisse sal beywer, terwyl baie leerkragte in die kindertuinklasse van laerskole huiwerig sal wees om hulle vir hoër salarisse as dié van hul kollegas in dieselfde skool en met dieselfde kwalifikasies te beywer.

Op die 1949-Kongres van die S.A.T.A. was daar 'n beskrywingspunt waarin gevra is dat kindertuinonderwyseresse, net soos spesiale klas-onderwysers(-esse), vir salaris-

doeleindes as intermediêre assistente[27] geklassifiseer moet word, sodat hul salaris 'n kerf hoër as dié van ander primêre assistente met dieselfde kwalifikasies sal wees.[28] Die beskrywingspunt is egter nie aangeneem nie en die aangeleentheid is na die dagbestuur verwys „for investigation and further action."[29]

In 1960 is daar op die S.A.O.U.-Kongres 'n beskrywingspunt aangeneem waarin die Departement versoek word om die salarisse van kindertuinonderwyseresse „met een kerf te verhoog soos in die geval van spesiale klas-onderwysers." Die S.G.O. se antwoord was egter: „Dit spyt my dat ek hierdie versoek nie kan ondersteun nie."[30]

Die Departement het seker redes vir sy weiering om kindertuinonderwyseresse en spesiale klas-onderwysers(-esse) eenders te behandel wat salaris betref. Vir kindertuinonderwyseresse, en ook vir enige buitestaander, is dit egter onbegryplik dat hulle minder betaal word, hoewel hulle beslis nie 'n makliker of 'n minder verantwoordelike taak verrig as hul kollegas wat aan spesiale klasse verbonde is nie. In sy verslag oor die jare 1948 en 1949 het die S.G.O. voorspel dat 'n toenemende aantal opgeleide kindertuinonderwyseresse „later betrekkings sal aanvaar as onderwyseresse van spesiale klasse."[31] Ten spyte hiervan en ten spyte van die feit dat die tekort aan gekwalifiseerde kindertuinonderwyseresse wat nog al die jare bestaan, daardeur vererger word, word kindertuinonderwyseresse nog steeds swakker besoldig as spesiale klas-onderwysers(-esse) met

---

27) Die benaming „intermediêre assistent" is sedertdien afgeskaf, maar spesiale klas-onderwysers(-esse) ontvang nog steeds 'n hoër salaris as ander primêre assistente met dieselfde aantal jare opleiding en ewe veel onderwysondervinding.

28) Education, 59 : 92, Mei 1949.

29) Ibid., p. 161, Jul. 1949.

30) Die Unie, 56 : 393, Febr. 1960.

31) S.G.O.-verslag, 1948 en 1949, p. 37.

dieselfde aantal jare opleiding. Die rede hiervoor mag wees dat die Departement nie onderskeid wil maak tussen kindertuin- en ander primêre onderwysers(-esse) nie, maar intussen bestaan daar 'n anomalie wat allesbehalwe bevorderlik is vir tevredenheid. Hierdie anomalie sal waarskynlik slegs verwyder kan word indien alle primêre leerkragte met dieselfde aantal jare opleiding en dieselfde ondervinding, of hulle in die kindertuin of vir standerds II - V of in 'n spesiale klas onderwys gee, dieselfde salaris ontvang.

(d) Mans as onderwysers in die substanderds.

Vrae 30 en 31. In vraag 30 is die leerkragte gevra of hulle ten gunste daarvan is dat mans vir die substanderds onderwys gee en in vraag 31 is diegene wat by vraag 30 Nee geantwoord het, gevra om die redes vir hul antwoord te verstrek.

TABEL 59.

IS U TEN GUNSTE DAARVAN DAT MANS VIR DIE SUBSTANDERDS ONDERWYS GEE?

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Ja | 49 | 16.6 |
| Nee | 247 | 83.4 |
| TOTAAL | 296 | 100% |

TABEL 60.

REDES VIR 'N ONTKENNENDE ANTWOORD OP VRAAG 30.

| Redes | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| (1) 'n Man kan nie die plek van 'n moeder inneem nie | 152 | 63.9 |
| (2) Min mans - indien enige-kan die kindersiel verstaan en die behoeftes van 'n klein kindjie aanvoel | 126 | 52.9 |
| (3) Mans is te streng teenoor klein kindertjies | 112 | 47.1 |
| (4) Handelinge wat nodig is om 'n klein kindjie se verbeelding te stimuleer, word deur 'n man as kinderagtig beskou | 141 | 59.2 |
| (5) Daar is reeds so min bevorderingsposte vir dames in die onderwys | 94 | 39.5 |
| Totale aantal respondente waarop persentasies bereken is. | 238 | |

Die antwoorde van die 296 respondente in tabel 59 laat geen twyfel dat slegs 'n baie klein persentasie ten gunste daarvan is dat mans vir die substanderds onderwys gee nie.

In 1883 het Donald Ross in sy verslag oor die toestand van die onderwys in die Kaapkolonie verklaar dat die onderrig van klein kindertjies „is most effectively carried on by female teachers"[32] en dit skyn vandag nog die algemene opvatting te wees, soos ook uit die gegewens in tabel 59 blyk.

Tabel 60 toon aan dat 'n betreklik hoë persentasie van die respondente saamstem met die eerste vier gesuggereerde redes waarom mans nie vir die substanderds onderwys behoort te gee nie. Dit is verbasend dat slegs 39.5% die vyfde rede onderskryf, naamlik dat daar reeds so min bevorderingsposte vir dames in die onderwys is en mans dus nie op hierdie gebied ook teen hulle moet kompeteer nie. Vanuit 'n materialistiese oogpunt beskou, is dit 'n baie belangrike rede waarom onderwyseresse nie ten gunste daarvan sou wees dat mans in die kindertuin onderwys gee nie.

Benewens die vyf gesuggereerde redes is die volgende ook deur 'n aantal leerkragte genoem: „'n Klein kindjie is banger vir 'n man as vir 'n dame" (9 respondente); „'n onderwyseres wen makliker as 'n man die vertroue van 'n klein kindjie" (6); „dit pas nie by 'n man om in die kindertuin onderwys te gee nie" (2).

Juis omdat die leerkragte in vraag 31 versoek is om slegs die redes aan te gee waarom hulle nie ten gunste daarvan is dat mans vir die substanderds onderwys gee nie, is dit van belang dat een onderwyseres (sy het 15 jaar ondervinding) die volgende bygeskrywe het: „Ek het onder 'n man as hoof in 'n voorbereidingskool gewerk en hy was 'n wonderlike hoof."

32) Ross, D. Preliminary report on the state of education in the Colony of the Cape of Good Hope, 1883, p. 31.

In 1964 is 'n man as kindertuininspekteur in Kaapland aangestel nadat hy eers as kindertuinonderwyser en later as hoof van twee verskillende voorbereidingskole baie welslae behaal het. Ook in Suidwes-Afrika is daar 'n aantal jare gelede 'n man as kindertuininspekteur aangestel na 'n suksesvolle loopbaan as kindertuinonderwyser. Dit mag uitsonderlike gevalle wees, maar toon nietemin aan dat daar geen rede bestaan waarom mans nie met welslae vir die substanderds onderwys sou gee nie.

(e) Word 'n kindertuinonderwyseres genoeg vryheid gelaat?

Vraag 38. In vraag 38(a) is die leerkragte gevra of hulle van mening is dat 'n kindertuinonderwyseres genoeg vryheid gelaat word om haar eie metode(s) te volg en selfs te eksperimenteer waar sy dit wenslik ag. In vraag 38(b) is diegene wat by 38(a) Nee geantwoord het, gevra om te meld in watter opsig of in watter rigting 'n kindertuinonderwyseres meer vryheid gelaat behoort te word as tans die geval is.

TABEL 61.

WORD 'N KINDERTUINONDERWYSERES GENOEG VRYHEID GELAAT OM HAAR EIE METODE(S) TE VOLG EN SELFS TE EKSPERIMENTEER?

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Ja | 233 | 84.1 |
| Nee | 44 | 15.9 |
| TOTAAL | 277 | 100% |

TABEL 62.

REDES VIR 'N ONTKENNENDE ANTWOORD OP VRAAG 38(a).

| Waar meer vryheid verlang word | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| (i) Syfersamestellings: vinniger vorder in subst. A | 26 | 72.2 |
| (ii) Opstel van die verslagboek: daar moenie 'n vaste patroon vereis word nie | 29 | 80.6 |
| (iii) Die verslagboek moet by die klas aangepas word, nie die klas by die verslagboek nie | 28 | 77.8 |
| (iv) Verlof om van die rooster af te wyk | 22 | 61.1 |
| (v) Skrifonderrig | 7 | 19.4 |
| Totale aantal respondente waarop persentasies bereken is | 36 | |

Soos uit tabel 61 blyk, is 84.1% van die 277 respondente van mening dat 'n kindertuinonderwyseres genoeg vryheid gelaat word om haar eie metode(s) te volg en selfs te eksperimenteer waar sy dit wenslik ag.

Tabel 62 bevat 'n opsomming van die antwoorde op vraag 38(b). Die gegewens dui aan in watter opsigte kindertuinonderwyseresse meen dat hulle meer vryheid gelaat behoort te word as tans die geval is. Net 36 van die 44 leerkragte wat op vraag 38(a) ontkennend geantwoord het, het vraag 38(b) beantwoord, maar dit is opvallend dat die eerste vier redes in tabel 62 deur hoë persentasies van die respondente aangevoer is. Veral die redes in (i), (iii), (iv) en (v) spruit daaruit voort dat kindertuininspektrises dikwels neerlê hoe ver daar elke kwartaal met bepaalde afdelings van die werk gevorder mag word, terwyl die betrokke leerkragte voel dat hulle nie aan bande

gelê moet word nie. Indien in aanmerking geneem word dat onderwyseresse se metodes van mekaar verskil en dat dieselfde onderwyseres soms oorwegend knap leerlinge en soms 'n baie swak klas het, spreek dit vanself dat groot vryheid gelaat behoort te word. Uit (iii) blyk dit veral duidelik. As alle subst. A- (of subst. B- of st. I-) onderwyseresse elke week of elke kwartaal ewe ver moet vorder, sal dit die taak van die inspektrise vergemaklik, maar dan word die klasse by die verslagboeke aangepas, en die respondente wat (iii) aangevoer het, wil dit voorkom.

Wat die tweede deel van vraag 38(a) betref, wil dit voorkom asof kindertuinonderwyseresse wel genoeg vryheid gelaat word om te eksperimenteer, soos ook uit tabel 61 blyk, maar nie gretig is om daarvan gebruik te maak nie. Alida M. Grey meen dat daar selfs „'n algemene onwilligheid en traagheid vir eksperimentele navorsing" bestaan, veral ten opsigte van praktiese onderwysprobleme.[33] Sy wys daarop dat Watts se bevinding ook by ons van toepassing is, naamlik dat 'n onderwyser nie maklik sover kan kom om sy leerlinge as bevredigende materiaal vir wetenskaplike proefneming te beskou nie; „indeed, the more he learns of them as individuals, the more he feels that the complexity of their mental endowment and the variability of their responses from day to day are unlikely to provide anything but the most refractory kind of material for the purposes of the experimentalist."[34]

In 'n artikel oor aanvangsleesonderrig spreek M. Beyers ook die mening uit dat onderwysers(-esse) in Suid-Afrika nog te veel aan 'n „Inspector Complex" ly en bang is om nuwe metodes te volg wat miskien nie orals byval sal vind nie. Vervolgens doen Beyers aan die hand dat inspekteurs

33) Grey, Alida M. Die belangrikheid van spel by die aanvangsonderwys, p. 191.

34) Watts, A.F. The language and mental development of children, p. 258.

meer leiding moet gee en die jongste onderwysmetodes vir die onderwysers(-esse) moet demonstreer, aangesien die leerkragte nie altyd die tyd of die geleentheid het om met die jongste bevindings van navorsers vertroud te raak nie.[35)]

In die Hadow-verslag oor kleinkinder- en kleuterskole kom die volgende voor:

> Freedom in planning and arranging her work is essential for the teacher if the ever-present danger of a lapse into mechanical routine is to be avoided.[36)]

In Kaapland is bogenoemde vryheid ook noodsaaklik en dit bestaan wel; die kindertuinonderwyseresse moet net, onder leiding van die omgangsinspekteur en die kindertuininspektrise, daarvan gebruik maak.

(f) <u>Die tien belangrikste eienskappe in 'n kindertuinonderwyseres.</u>

<u>Vraag 39.</u> In vraag 39 is die leerkragte gevra om die TIEN belangrikste eienskappe wat 'n kindertuinonderwyseres behoort te besit, in volgorde van belangrikheid - of noodsaaklikheid - neer te skrywe.

Daar is 33 verskillende eienskappe aan die hand gedoen, maar die leerkragte is uitdruklik meegedeel dat hulle enige tien eienskappe mag neerskryf en geensins tot die aangegewe 33 beperk word nie.

By die berekening is in die geval van elke antwoord 10 punte toegeken aan die eienskap wat eerste neergeskryf is, 9 punte aan die eienskap wat tweede neergeskryf is, ens.[37)] Daarna is al die punte opgetel en is die eienskap wat die meeste punte gekry het, eerste geplaas, die eienskap wat die tweede meeste punte gekry het, tweede geplaas, ens., tot by die tiende.

---

35) Beyers, M. Hurdles in initial reading instruction. <u>Education</u>, 70 : 102, Apr. 1960.

36) Hadow-verslag, 1933, p. 186.

37) Dit kom ooreen met die metode wat prof. Nel in sy ondersoek gevolg het. Sien Nel, B.F. Die psigologie van die onderwyser, p. 220.

## TABEL 63(a).

## DIE TIEN BELANGRIKSTE EIENSKAPPE IN 'N KINDERTUINONDERWYSERES.

| Rangorde | (i) Al die respondente (294) | (ii) Respondente met meer as 10 jaar ondervinding van kindertuinwerk (77) | (iii) Respondente in voorbereidingskole (41) |
|---|---|---|---|
| 1 | Geduld | Geduld | Geduld |
| 2 | Liefde vir kinders | Liefde vir kinders | Liefde vir kinders |
| 3 | Vermoë om tot die vlak van haar leerlinge te daal | Vriendelikheid | Vermoë om tot die vlak van haar leerlinge te daal |
| 4 | Vriendelikheid | Belangstelling in haar leerlinge se probleme | Belangstelling in haar leerlinge se probleme |
| 5 | Belangstelling in haar leerlinge se probleme | Takt | Pligsgetrouheid |
| 6 | Onpartydigheid of regverdigheid | Netheid | Vriendelikheid |
| 7 | Netheid | Pligsgetrouheid | Netheid |
| 8 | Beslistheid | Gebruikmaking van aanmoediging | Onpartydigheid of regverdigheid |
| 9 | Takt | Simpatie | Beslistheid |
| 10 | Gebruikmaking van aanmoediging | Vermoë om tot die vlak van haar leerlinge te daal | Geesdrif |

In tabel 63(a) word die tien belangrikste eienskappe in 'n kindertuinonderwyseres aangegee, gerangskik in volgorde van belangrikheid: in kolom (i) volgens die oordeel van al die leerkragte (294) wat vraag 39 beantwoord het; in (ii) volgens die respondente wat meer as 10 jaar ondervinding van kindertuinwerk het; en in (iii) volgens die respondente wat aan voorbereidingskole verbonde is. Daar is 'n baie groot ooreenkoms aangaande die tien eienskappe en selfs die rangorde soos deur die drie groepe opgestel. Slegs met betrekking tot die volgende is daar noemenswaardige verskille: (a) „Vermoë om tot die vlak van haar leerlinge te daal" word in (ii) tiende geplaas, terwyl dit in die ander twee groepe baie hoog, naamlik derde, op die ranglys verskyn; (b) „onpartydigheid of regverdigheid" en „beslistheid" verskyn in (ii) glad nie onder die eerste tien nie; (c) „takt" en „gebruikmaking van aanmoediging"

verskyn in (iii) nie onder die eerste tien nie; (d) „geesdrif", wat in (iii) weliswaar laag op die ranglys, naamlik tiende, verskyn, word in (i) en (ii) nie as een van die tien belangrikste eienskappe aangegee nie.

Verskeie navorsers het al met behulp van onderwysers (-esse), of ander bevoegde persone, ranglyste opgestel van die belangrikste eienskappe wat 'n suksesvolle onderwyser(es) behoort te besit. Een van die bekendste is dié wat Cattell[38)] in 1930 opgestel het nadat hy die gegewens verwerk het wat hy deur middel van 'n vraelys ingewin het. Whitney[39)] het 'n lys met 25 eienskappe opgestel vir gebruik by die beoordeling van 'n laerskoolonderwyser(es). Yourglich[40)] en Robertson[41)] het navorsing gedoen oor die eienskappe van 'n suksesvolle of ideale onderwyser en albei noem 'n aantal eienskappe, maar nie een van die twee het 'n ranglys opgestel nie.

In ons land het prof. B.F. Nel[42)] die ondersoek van Cattell as basis geneem en ook van 'n vraelys gebruik gemaak om 'n aantal eienskappe in volgorde van belangrikheid op te stel, terwyl prof. Ben Taute[43)] later 'n verdere ondersoek in Kaapland uitgevoer het. Catharina P. Calitz[44)] het persone in vyf verskillende professies, o.a. die onderwys-

---

38) Cattell, R.B. The assessment of teaching ability. The British Journal of Educational Psychology, 1 : 48 - 72, Febr. 1931.

39) Whitney, F.L. Methods in educational research, p.156.

40) Yourglich, Anita. Study on correlations between college teachers' and students' concepts of "ideal-student" and "ideal-teacher." Journal of Educational Research, 49 : 59 - 64, Sept. 1955.

41) Robertson, J.D.C. An analysis of the views of supervisors on the attributes of successful graduate student teachers. The British Journal of Educational Psychology, 27 : 115-126, Jun. 1957.

42) Nel, B.F., op. cit., p. 219 - 224.

43) Sien Blignault, H. Die eienskappe van die goeie onderwyser. Die Skoolblad, 40 : 2-3, Jan. 1952; asook J.G.M. Die suksesvolle onderwyser soos sy kollegas hom sien. Die Unie, 46:54, Sept. 1950.

44) Calitz, Catharina P. Die bestudering van bepaalde karaktereienskappe in verband met sekere professies, p. 135 - 8.

professie, versoek om 14 aangegewe eienskappe onder baie belangrik, belangrik, wenslik en onbelangrik in te deel, en daarna het sy ranglyste met „baie belangrik" as grondslag opgestel.

TABEL 63(b).

DIE TIEN BELANGRIKSTE EIENSKAPPE IN 'N ONDERWYSER(ES).

| Rangorde | Eie ondersoek | R.B. Cattell se ondersoek | B.F. Nel se ondersoek | Catharina P. Calitz se ondersoek |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Geduld | Standvastigheid en wilskrag | Standvastigheid en wilskrag | Hardwerkendheid |
| 2 | Liefde vir kinders | Intelligensie | Volharding en ywer | Regverdigheid |
| 3 | Vermoë om tot die vlak van haar leerlinge te daal | Simpatie en takt | Goedhartigheid en liefde | Sosiale insig |
| 4 | Vriendelikheid | Onbevooroordeeldheid | Simpatie en takt | Selfbeheersing |
| 5 | Belangstelling in haar leerlinge se probleme | Humorsin | Idealisme | Geduld |
| 6 | Onpartydigheid of regverdigheid | Idealisme | Klaskamertegniek | Deursettingsvermoë |
| 7 | Netheid | Kulturele agtergrond | Onbevooroordeeldheid | Leierskap |
| 8 | Beslistheid | Goedhartigheid en liefde | Humorsin | Eerlikheid |
| 9 | Takt | Geesdrif | Geesdrif | Geloof |
| 10 | Gebruikmaking van aanmoediging | Kennis van sielkunde en pedagogiek | Intelligensie | Inisiatief |

Die eerste tien eienskappe in die ranglyste wat deur vier verskillende ondersoekers opgestel is, word vir vergelykingsdoeleindes in tabel 63(b) aangegee. Die enigste twee van die vier wat 'n sterk ooreenkoms toon, is dié van Cattell en Nel. Dit is begryplik, want hierdie twee ondersoekers het, hoewel op verskillende tye en in verskillende lande, vraelyste waarin dieselfde eienskappe gesuggereer word, aan groepe onderwysers(-esse) gestuur. Calitz het weer ander eienskappe gesuggereer en dit verklaar die groot verskil tussen haar ranglys en dié van die ander ondersoekers.

Die vernaamste rede waarom die eienskappe in ons ranglys grootliks van dié in die ander drie lyste verskil, is dat nie een van laasgenoemdes ook spesifiek op kindertuinonderwyseresse betrekking het nie. Ten spyte hiervan is dit eienaardig dat „geduld" nòg in Cattell nòg in Nel se lys voorkom en dat dit in Calitz se lys maar vyfde geplaas is. „Liefde vir kinders", waarsonder 'n onderwyser(es) beswaarlik kan verwag om besondere welslae te behaal, kom glad nie in Calitz se lys voor nie en Cattell se respondente plaas „goedhartigheid en liefde" (hy noem dit „kindness") baie laag, naamlik agste.

In ons ondersoek het die respondente geen twyfel gelaat dat hulle „geduld" en „liefde vir kinders" as verreweg die belangrikste eienskappe vir 'n kindertuinonderwyseres beskou nie. Steun hiervoor word in 'n artikel deur Stofberg gevind. Hy beskou die volgende as die drie belangrikste eienskappe (en in hierdie volgorde): liefde vir die kind; geduld; pligsgetrouheid en nougesetheid.[45]

In die Onderwysgaset, 'n amptelike blad van die Kaaplandse Onderwysdepartement, het daar in 1928 'n artikel verskyn waarin daarop gewys word dat geen ander afdeling van die skool soveel van 'n onderwyseres se intelligensie en bekwaamheid verg as die kleinkinderklasse nie. Die kleinkinderonderwyseres behoort volgens dié artikel 'n persoon te wees wat van nature opgewek is, wat vinnig kan dink, wat bedaard maar flink beweeg „en op wie se gelaat spoedig 'n glimlag te voorskyn kom." Sy moet 'n „werklike toegeneentheid" vir haar leerlinge hê en, met die oog voortdurend op hul toekoms gevestig, 'n lewendige begeerte om hulle op te voed en hul ontwikkeling op die bes moontlike wyse te bevorder.[46]

---

45) Stofberg, P.J.R. Eienskappe van die onderwyser. <u>Die Skoolblad</u>, 40 : 19-20, Jan. 1952.

46) Die Onderwysgaset, 27 : 788, 30 Aug. 1928.

Oor die rangorde van die tien eienskappe wat ons ondersoek opgelewer het, mag daar verskil van mening wees, maar dat al tien uiters belangrik is vir 'n suksesvolle kindertuinonderwyseres, ly geen twyfel nie. Een respondent het die volgende bygeskrywe: „'n Moeilike vraag om te beantwoord! Nou, nadat ek die tien belangrikste eienskappe in volgorde van belangrikheid gerangskik het (na baie wik en weeg), lyk dit dan vir my of al tien ewe belangrik is en of ek baie eienskappe weggelaat het wat net so belangrik is!"